Epol®
DIE PERFEKTE BALANS

# VARKE



## KONTAK ONS

www.epol.co.za
epolinfo@rclfoods.com

## VOLG ONS

# VOER VAN VARKE VIR PRESTASIE

Vir enige varkboer is die optimale vet-tot-vleisverhouding belangrik, aangesien dit die gehalte van die vleis en derhalwe winsgewendheid bepaal. Al ons rantsoene is wetenskaplik geformuleer om varke van perfek gebalanseerde voer te voorsien wat daartoe bydra dat boere die optimale gradering kan behaal.

**ONS FOKUS**

- Aanvulling van sog se melk gedurende die eerste week na geboorte.
- Vrugbaarheid.
- Optimale spier- en beenontwikkeling.
- Optimale vet-tot-vleisverhouding.
- Voerdoeltreffendheid.
- Nutriënt gebalanseerde voer vir die verskillende klasse varke.
- Volgehoue gehalte.

**SLEUTELVOERWENKE**

- Verskaf altyd genoeg vars, koel water. Swak watervoorraad kan die groeitempo van varke vertraag en voerinname van lakterende sôe laat afneem, wat tot ’n afname in kondisie sowel as melkproduksie, kan lei.
- Voer kruipvoer vanaf sewe dae oud tot ’n week na speen.
- Maak seker die sog het nie toegang tot die kruipvoer nie.
- Hou die sog se kondisie dop en voer volgens liggaamskondisie gedurende die eerste 30 dae van dragtigheid om embriomortaliteit te minimaliseer.
- Maak seker lakterende sôe word volgens die aanbevelings in die voedingstabel in hierdie brosjure gevoer om maksimum melkproduksie te behaal. Lae voerinname sal gewigstoename van die werpsel en daaropvolgende reproduksieprestasie, laat afneem.
- Voer droë sôe dienooreenkomstig die aanbevelings soos in hierdie brosjure vervat, sodat hulle teen die korrekte gewig jong.
- Voer varkbere en sôe die sog-en-beerdieet. Die daaglikse hoeveelheid voer moet volgens seisoenverskille, kondisie en die werkslading van die beer verander word.

# DIE SOGENDE VARKIE

Die dragtige sog moet 2-3 weke voor jong ontwurm word om die moontlikheid dat sy wurms aan die pasgebore varkies sal oordra, te verminder. Bestuur is veral deurslaggewend gedurende die eerste 72 uur na geboorte, aangesien die meeste verliese aan varkies gedurende hierdie tydperk plaasvind.

Die eerste agt ure na geboorte is deurslaggewend en kan bepaal watter varkies die optimale speengewig bereik. Pasgebore varkies vrek dikwels weens kouestres, gevolglik moet addisionele verhitting verskaf word. Die kruiparea moet teen 28 °C gehou word en die kamertemperatuur teen 21-23 °C. Klein varkies moet ook aangemoedig word om binne 45 minute na geboorte, kolostrum in te neem. Die gedrag van die varkies sal aandui of hul gemaklik is. Individuele varkies moet binne 24 uur na geboorte vir identifiserings- en rekorddoeleindes gemerk word. Hulle tande moet ook geknip en hulle sterte afgesny word.

Gesonde varkies se liggaamsgewig verdubbel weekliks gedurende die eerste drie weke na geboorte. Sogmelk bevat nie voldoende voedingstowwe om na 21 dae vinnige groei van 'n jong varkie te handhaaf nie; gevolglik moet kruipvoer voor speen aan die werpsel verskaf word. Klein varkies sal normaalweg rondom sewe dae oud in kruipvoer belangstel. Behoorlike voerveranderinge is noodsaaklik om aggressie en kou aan sterte te minimaliseer, asook om optimale groei te verseker.

# TEORETIESE VERGELYKING VIR GROEIENDE VARKE

Teoretiese vergelyking van gewig volgens ouderdom, voerinname per dag, bykomende voerinname en voeromsetverhoudingsdata vir groeiende varke.

| VARKSOORT | OUDERDOM (dae) | BEGIN DAG | LEWENDE GEWIG (kg) | | | VOER PER DAG (kg) | KUMULATIEF | | WEEKLIKS | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | MIKPUNT | GOED | MARGINAAL | | INNAME kg/vark | VOG g/g | GROEI g/dag | INNAME kg/vark | VOV g/g |
| Speenvark | 56 | 1 | 25 | 21 | 18 | 1,4 | 10 | 1,4 | 986 | 1,4 | 1,4 |
| | 63 | 8 | 32 | 27 | 22 | 1,6 | 21 | 1,5 | 1 014 | 1,6 | 1,6 |
| | 70 | 15 | 39 | 33 | 27 | 1,8 | 33 | 1,6 | 1 043 | 1,8 | 1,7 |
| Vleisvark | 77 | 22 | 46 | 39 | 32 | 1,9 | 47 | 1,6 | 1 057 | 1,9 | 1,8 |
| | 84 | 29 | 54 | 46 | 38 | 2,1 | 61 | 1,7 | 1 086 | 2,1 | 1,9 |
| | 91 | 36 | 61 | 52 | 43 | 2,2 | 76 | 1,7 | 1 086 | 2,2 | 2,0 |
| | 98 | 43 | 69 | 59 | 48 | 2,3 | 92 | 1,8 | 1 114 | 2,3 | 2,1 |
| | 105 | 50 | 77 | 65 | 54 | 2,4 | 109 | 1,8 | 1 086 | 2,4 | 2,2 |
| | 112 | 57 | 84 | 72 | 59 | 2,5 | 126 | 1,9 | 1 014 | 2,5 | 2,4 |
| | 119 | 64 | 91 | 78 | 64 | 2,5 | 144 | 2,0 | 943 | 2,5 | 2,7 |
| | 126 | 71 | 98 | 83 | 69 | 2,6 | 162 | 2,1 | 857 | 2,6 | 3,0 |
| Spekvark* | 133 | 78 | 104 | 88 | 73 | 2,7 | 181 | 2,1 | 786 | 2,7 | 3,4 |
| | 140 | 85 | 110 | 93 | 77 | 2,7 | 200 | 2,2 | 729 | 2,7 | 3,7 |
| | 147 | 92 | 115 | 97 | 80 | 2,8 | 219 | 2,3 | 671 | 2,8 | 4,1 |
| | 154 | 99 | 119 | 101 | 84 | 2,8 | 239 | 2,4 | 614 | 2,8 | 4,6 |
| | 161 | 106 | 124 | 105 | 87 | 2,8 | 259 | 2,5 | 571 | 2,8 | 5,0 |
| | 168 | 113 | 128 | 108 | 89 | 2,9 | 279 | 2,6 | 529 | 2,9 | 5,4 |

* Spekvark: Ons beveel aan dat die vleisvarkvoer (*Porker ration*) deurlopend gebruik word indien varke slegs tot 90 kg lewende gewig grootgemaak word. Indien swaarder varke (>90 kg) grootgemaak word, gebruik dan die spekvarkvoer (*Baconer ration*) soos voorgeskryf.

# SOG EN BEER

Voerkoste en sogproduktiwiteit is die twee belangrikste veranderlikes in die varkbedryf. Alhoewel dragtigheids- en laktasiediëte ongeveer 16% van die voergebruik in die jong-tot-afrondproses verteenwoordig, is dit noodsaaklik dat hierdie diëte korrek volgens die produktiwiteitsvlak van die trop geformuleer word en die regte hoeveelhede gevoer word.

Die droë tydperk is die tydsinterval vanaf speen tot jong waartydens die sog onproduktief is.

Doeltreffende bestuur van sôe gedurende dragtigheid en laktasie en vanaf speen tot dekking dra daartoe by dat sôe so gou moontlik na speen paar.

Behoorlike beervoeding en -bestuur is nodig voor en tydens die paarseisoen. Dit sluit in voeding, hokke, gesondheid en dienskapasiteit. Indien goeie bestuurspraktyke agterweë bly, is die prestasie van 'n beer dikwels teleurstellend.



# VOEDINGSTABEL

| PRODUK | Wet 36/1947 Reg. Nr. | VARK-SOORT | VOERRIGLYN |
|---|---|---|---|
| **OptiGro Sow & Boar** | V30857 | Dragtige sog | • Voer dragtige sôe 2 kg/dag in die somer en 2.5 kg/dag in die winter. |
| | | Droë sog (speen tot diens) | • Voer droë sôe 4 kg/dag.<br>• Hierdie is slegs ’n riglyn, aangesien party sôe ’n bietjie meer gevoer moet word as hulle gedurende laktasie gewig verloor het. |
| | | Jong sôe | • Voer 2.75 kg/dag. |
| | | Beer | • Voer bere 2 kg/dag in die somer en 2.5 kg/dag in die winter.<br>• Indien die beer hard werk, of na gelang van sy kondisie, moet die hoeveelheid voer dienooreenkomstig verhoog word.<br>• Maak seker dat die beer nie oorvoed word nie, aangesien hy lui sal word. |
| **OptiGro Lactating Sow** | V30854 | Sog | **Na jonghok toe**<br>• Voer 2 kg/sog/dag tot twee dae na jong.<br>• Verhoog daarna die hoeveelheid voer geleidelik oor die volgende sewe dae.<br>• Na sewe dae, behoort die sog 2.5 kg/dag plus 0.5 kg/varkie/dag te eet.<br>• Inname is tussen 6 – 8 kg/dag.<br>• Voer sôe twee keer per dag (die helfte in die oggend en die res smiddae).<br>• Hierdie is slegs ’n riglyn. Hou die sog se kondisie dop. Indien maer, verhoog die hoeveelheid voer en indien oorgewig, verminder die hoeveelheid. |
| **OptiGro Pig Creep** | V30846 | Sogende varkies | • Voer ad lib vanaf sewe dae oud tot een week na speen.<br>• Maak seker varkies het altyd toegang tot vars voer. |
| **OptiGro Pig Weaner** | V30849 | Speenvark | • Voer ad lib vanaf een week na speen tot 70 dae oud.<br>• Dit volg op die voer van **OptiGro Pig Creep** vanaf 7 – 35 dae oud. |
| **OptiGro Porker** | V30850 | Vleisvark | • Voer ad lib vanaf 70 dae oud tot met slag.<br>• Indien varke tot >90 kg grootgemaak word, gebruik die **OptiGro Baconer** soos aanbeveel. |
| **OptiGro Baconer** | V30853 | Spekvark | • Voer ad lib vanaf 90 kg lewende gewig tot slag. |
| **Pig Growth & Sow** | V8850 | Groeiende vark | • Voer ad lib vanaf 70 dae tot slag. |
| | | Dragtige sôe | • Voer 2 kg/dag (+0.5 kg/dag in die winter). |
| | | Droë sôe (speen tot diens) | • Voer 4 – 6 kg/dag. |
| | | Jong sôe | • Voer 2.75 kg/dag. |
| | | Lakterende sôe | • Voer 2 kg + 0.5 kg/varkie/dag. |

Alle produkte is geregistreer ingevolge Wet Nr. 36 van 1947.



# KONTAKBESONDERHEDE

**MEULE:**

| | |
|---|---|
| Berlin | (043) 685 2111 |
| Pietermaritzburg | (033) 387 2460 |
| Pretoria-Wes | (012) 386 0469 |
| Rustenburg | (087) 365 0564 |
| Vaalwater | (087) 820 4580 |
| Worcester | (023) 346 6400 |

**VEEVOER DEPOT:**

| | |
|---|---|
| Estcourt | (036) 352 3141 |
| Pietermaritzburg | (033) 397 1227 |
| Uvongo | (039) 313 5273 |

Kliëntediens: 0860 103 764
Webtuiste: www.rclfoods.com
Vervaardig deur **RCL FOODS** Bpk,
Tien The Boulevard, Westway Kantoorpark, Westville, 3629
VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA
REG. NR. 1966/004972/06

Epol®
DIE PERFEKTE BALANS

uppe marketing A31420